Gesamentlike verklaring: GWK en VKB – 22 Desember 2022

Mededingingsowerhede sê "ja" vir samesmelting tussen VKB en GWK

Goeie nuus is ontvang dat die Mededingingstribunaal die samesmelting tussen VKB en GWK op 21 Desember 2022 goedgekeur het kort op die hakke van 'n aanbeveling van die Mededingings-kommissie ten gunste daarvan.

Dit volg ná gesprekke tussen die twee maatskappye wat reeds in Julie 2020 afgeskop het, GWK se aandeelhouers op 11 Augustus 2022 ten gunste van die samesmelting gestem het en VKB se direksie die transaksie vroeër gedurende 2022 binne hul mandaat goedgekeur het.

Die samestelling en ontwerp van die transaksie is gedryf deur verteenwoordigers van GWK en VKB, in samewerking met 'n eksterne, onafhanklike korporatiewe adviseur, Pallidus, om 'n ooreenkoms saam te stel wat verseker dat albei partye beskerm en bevoordeel word. Die verteenwoordigers van GWK en VKB het krities gaan kyk na verskeie aspekte, onder meer sinergieë in terme van maatskappykultuur en -struktuur, 'n gedeelde visie om landbou verder te bevorder, die behoud van 'n besigheid in boerebesit en die voortsetting van gehalte ondersteuning aan produsente op plase.

Dr. PG Strauss, besturende direkteur van die VKB-groep, sê dit is goeie nuus dat die Mededingingstribunaal die samesmelting tussen VKB en GWK goedgekeur het. "Die onderskeie bestuurspanne van VKB en GWK sal vergader rakende die volgende stappe en proses vorentoe sodra aan alle uitstaande opskortende voorwaardes rakende die transaksie voldoen is, ingesluit finale goedkeuring deur die Oorname Reguleringspaneel, waarna verdere kommunikasie met kliënte, personeel, aandeelhouers en ander belanghebbendes sal volg. Intussen gaan albei maatskappye voort soos normaal."

Mnr. Llewellyn Brooks, besturende direkteur van die GWK-groep sê dit is 'n groot mylpaal in die geskiedenis van die twee maatskappye wat ná baie werk die afgelope twee jaar behaal is. "Die transaksie gaan groot geleenthede vir al ons belanghebbendes ontsluit. Ons is opgewonde daaroor dat ons nou kan voortgaan met beplanning om die landboumaatskappy van die toekoms te bou."

EINDE

Die onafhanklike direksie van GWK aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging in soverre dit op GWK betrekking het, en aanvaar verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van sodanige inligting. Die direksie van VKB aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging in soverre dit op VKB betrekking het, en aanvaar verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van sodanige inligting.